7.4.2 A box set could be used for the township home of Sipho and Thando Makhanya. It consists of a front living room and kitchen separated by means of a beaded partition. A door leads through to what would be the bedrooms. The space is small and cramped. The living room is simply furnished, reflecting an average home. There would probably be a small bookshelf with books showing that the inhabitants are educated.
(Accept candidates responses if well substantiated with reference to the text.) (5)

7.5 The play develops around complex family relationships revolving around secrets, jealousy, separation, loss and love. Sipho, the protagonist is an embittered old man who has harboured things over the years such as Themba taking his wire bus, his blazer and his opportunity to study at university and most devastating of all, Themba having an affair with his wife. Sipho has bottled up his emotions and this has resulted in him being bitter, angry and resentful. He cannot move forward with his life because he is holding on to the baggage of the past. When Mandisa arrives, more tension is created because she doesn't fit into the traditional mould of an African woman. This causes Sipho to become more frustrated and when Mandisa encourages Thando to go to Johannesburg with or without Sipho's permission, Sipho feels that even in death Themba is still taking from him. It is only when Sipho finally confronts his feelings, his bitterness and anger that he can move on. When he shares his full sense of betrayal by his brother that he is able to purge his demons and reach a point of forgiveness and reconciliation with his past and his brother. In speaking the truth, Sipho is able to purge his demons and move on. When he forgave Themba he was able to release the past and in doing so he felt free to do what he always wanted to. The girls also finally understand Sipho because they realize all the pain and hurt that he has suffered over the years. When he shared the family secrets with them it establishes the foundations for the future of the family.

This is a parallel with the TRC when victims' experiences were acknowledged by the perpetrators and the commission. Confronting, identifying and acknowledging past trauma is central to the process of healing. Victims were allowed to confront their oppressors and ask them to account for their actions. In this way both parties were able to recognise the wrongs, seek forgiveness and in most cases move on. It was liberating and freeing. Sipho eventually found that by releasing all his resentment, bitterness and hurt of the past he was able to make peace with his brother, his family and finally himself and was then able to go into the future unshackled.
(Accept candidates' responses if well substantiated with reference to text.)

| MARKS | 7.5 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 8–10 | Very good | Candidate is able to discuss the themes of forgiveness and reconciliation and can connect this to Sipho's journey and the content of the play. The answer is clear and supported by reference to the play. The candidate demonstrates an excellent understanding of *Nothing But The Truth*. |
| 6–7 | Good | Candidate tends to focus more on either forgiveness or reconciliation. The answer is supported by reference to the play. The candidate demonstrates a good understanding of *Nothing But The Truth*. |
| 4–5 | Average | Candidate tends to focus on one of the two themes The candidate demonstrates an understanding of *Nothing But The Truth* but tends to list and state information about the theme/s rather than discuss them. |
| 0–2 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about forgiveness and/or reconciliation in the play. Storyline driven. |

(10)
**[30]**

## VRAAG 8: *GROUNDSWELL* DEUR IAN BRUCE

***Hierdie memo is nie in Afrikaans vertaal nie, aangesien die drama slegs in Engels beskikbaar is.***

The suggested answers are examples. The candidates may give other appropriate responses.

8.1 The knife is used in a fight between Thami and Johan. Firstly Johan attacks Thami then Thami gets the knife from Johan and threatens Johan with it. It is an extremely violent scene. The audience believes that either is capable of killing the other. (3)

8.2 Johan is like the dog in that he never learns that he is not going to find enough diamonds to make the trips worthwhile. Taking 'the bait' is used to suggest that Johan believes anyone who has a story about diamond prospecting and is always keen to try again. Thami is far more cynical. Johan also endangers himself each time he dives as he has never quite recovered from the 'bends'. One could argue that Johan's intentions are good and not only to benefit him whereas the dog is just having fun. It is interesting that Thami compares Johan to the dog and this suggests that Thami thinks Johan is mad. (4)

8.3 It is clear from the dialogue that the two know each other well and are comfortable enough in each other's company for Thami to tease Johan ('like you' line 16 ). Thami also laughs at Johan – this suggests they are friends and equals in the house. The conversation is casual and informal and involves discussion of a past history together. (4)

8.4 Johan begins <u>irritated</u> with the dog and chasing it away. He is otherwise pretty <u>cheerful</u> after his walk with the dog and is <u>amused</u> by his antics with the seagull on the beach. He is a bit <u>confused</u> when Thami says 'Like you' and then becomes a bit <u>defensive</u> as he realises Thami is comparing his hope of finding a number of diamonds to the dog chasing the seagulls. He is quite <u>determined</u> when he says 'There's always a possibility'. (4)

8.5 The description of the set implies a realistic space where doors open and close and real pieces of costume and props are used (the jersey and knife). Realisic sounds of the sea and the dog barking grow louder when the door is opened to mimic a real environment. Thami uses a broom to sweep sand out of the way. The dialogue is realistic and colloquial. (5)

8.6 Johan is in pain because of his actions in the past. He believes that if he helps Thami he will have paid for his sins of the past. He expects to be a part of Thami's life. Thami is frustrated and wants to be successful to prove himself to his wife. He may not be telling her the whole truth when he writes to her. He tells Johan that he has been successful at buying illegal diamonds and will be able to return to his wife soon – but the audience does not know this for sure. Thami has allowed Johan to think that he agrees to the idea of being together in the future simply to avoid conflict – towards the end of the play he no longer needs to avoid this. Smith is angry because he believes that

he has been cheated out of his job. He thinks he has worked hard and did nothing wrong but has lost the job and together with that his purpose in life. All three characters are under stress and tension and this comes out in Johan's aggressive behaviour towards Smith – Johan thinks that to get Smith's money to help with prospecting justifies the means.

| MARKS | 8.6 | DESCRIPTOR |
|---|---|---|
| 8–10 | Very good | Candidate is able to discuss the disappointment of all three characters and how this leads to 'volatile consequences'. The paragraph is well structured and cohesive. The answer is supported by reference to the play. The candidate demonstrates an excellent understanding of *Groundswell*. |
| 6–7 | Good | Candidate writes about all three characters (some in more detail than others) but creates three different sections to the answer – one for each and may well structure the paragraph in point form. The candidate demonstrates a good understanding of *Groundswell*. |
| 4–5 | Average | Candidate generally writes about all three characters but focuses on one in more detail. The candidate demonstrates an understanding of *Groundswell*. |
| 0–3 | Weak | Candidate tends to make a generalised statement about the characters. May give more detail on one of them. Storyline-driven. |

(10)
**[30]**

## VRAAG 9: *SIENER IN DIE SUBURBS* DEUR PG DU PLESSIS

9.1 Jakes is die pa van die baba. (1)

9.2 *Gemotiveerde antwoorde wat begrip vir die konteks van hierdie uittreksel toon, word aanvaar. Voorbeelde kan wees:*
Tiemie ervaar 'n opbou in spanning oor die feit dat sy Tjokkie van haar moontlike swangerskap gaan vertel. Dit is belangrik dat die aktrise hierdie opbou in spanning aan die gehoor oordra. Haar liggaamshouding en gebare sal aanvanklik huiwering, spanning en onsekerheid verraai. Dit bou dan geleidelik op tot die klimaks in reël 20.

Reël 9 sal met 'n toon van desperaatheid gesê word wanneer sy Tjokkie vra om haar te help.
In reël 11 sal haar toon dringender wees omdat sy besef hy verstaan haar nie reg nie.
Haar woorde in reël 14 is belangrik, omdat die spanning wat Tiemie in haar dra, hier 'n opbou toon. Die aktrise sal dalk van 'n kort pouse gebruik maak voordat sy reël 14 sê om aan te dui dat sy haar moed bymekaarskraap vir haar bekentenis. Hierdie woorde kan met meer intensiteit oorgedra word.
Reël 16 sal met ongeduld gesê word (omdat Tjokkie nie begryp waarvan sy praat nie.) 'n Styging in sowel volume as 'n driftige handgebaar sal paslik wees.

Die aktrise sal in reël 18 die eerste woord ('oór') beklemtoon in stem en deur 'n gebaar. Sy sal ook van 'n stadiger tempo gebruik maak in die eerste sin om seker te maak dat Tjokkie haar woorde begryp. Die tweede sin sal moontlik met ongeduld gesê word.
In reël 20 bereik Tiemie se woorde 'n klimaks – sy is nou desperaat dat Tjokkie verstaan. Hierdie woorde sal met volume en drif gesê word. Haar hande sal moontlik oop wees en in wye gebaar sykante toe gebruik word. (5)

9.3 **Tiemie:** Tiemie is in opstand teen haar **omgewing** en **sosiale klas**. Sy het 'n kans om te ontsnap uit die sosiale milieu omdat sy mooi en intelligent is en 'n goeie werk het. Tog kry sy dit nie reg om te ontvlug nie, omdat sy verstrik raak in haar eie sensualiteit, soos Ma.
Tiemie vermoed sy is swanger. Sy vrees **swangerskap** en verset haar hierteen, hoofsaaklik omdat dit sou beteken dat sy nou nie van haar verstikkende omgewing sal kan ontvlug nie.
Tiemie se verset is verder gerig teen die vloek daarvan om 'n **buitestaander** te wees. Haar mense is sosiaal uitgeworpenes en dit voel vir haar asof hulle nie bestaan in die denke van die gemeenskap nie. Sy sê vir haar ma dat die mense by die werk dink hulle bestaan nie, dat “hulle lag as hulle van ons hoor”. (4)

**Tjokkie**: Tjokkie se verset is gerig teen diegene wat met sy **talent 'mors'**. Hy verset hom teen Jakes en Giel wat hom wil laat 'sien' vir hul eie gewin. Ook is sy verset gerig teen Fé wat wil hê hy moet sien om Tiemie te help.
Hy verset hom ook teen sy **ma** se onsedelike saamleef met Giel.
Hy verset hom teen sy **omgewing** en alhoewel hy self geen hoop het om daaruit te kom nie, vestig hy sy hoop op Tiemie om te ontsnap uit die suburbs. Tjokkie se verset teen sy **sienerskap** lei tot sy eie ondergang, want aan die einde pleeg hy selfmoord as gevolg daarvan. (4)

9.4 9.4.1 Die kandidaat behoort Realisme te noem, asook boksstel of 'n realistiese stel op 'n prosceniumverhoog. (2)

9.4.2 Indien die kandidaat 'n ander styl in 9.4.1 noem, moet dit deur die gebruik van die stel gemotiveer word.
Die kandidaat moet 'n beskrywing van die stel gee. Hieronder is die essensiële stelstukke. Gee krediet vir oorspronklikheid of 'n artistieke benadering wat deur die teks en styl gemotiveer kan word.

Volgens 'n Realistiese inkleding weerspieël die stel 'n agterplaas in die suburbs op 'n lewensgetroue manier. Dit beeld 'n spieël na die werklikheid.

Die volgende is 'n voorbeeld:
Verhoog regs: agterdeur met stoepie, teen die muur moontlik 'n hoenderhok, wasgoeddraad.
Verhoog links: enkelgarage met verweerde houtdeure. Op die garage kom hierdie woorde geverf voor: DO NOT PARK IN FRONT OF THE GATE.

Die garagedeur is oop. 'n 1948-Buick sonder wiele, opgedomkrag met 'n nuwe rooi, hidrouliese domkrag, staan in die rigting van die gehoor. Aan die balk agter die deur hang die katrol waarmee die enjin vroeër uitgelig is. Voor teen die muur is 'n werkbank, oliedrom daaronder. Op die werkbank is die enjin van die Buick wat vroeër uitmekaargehaal is

| **PUNTE** | **9.4.2** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| 5–6 | Uitstekend | Die kandidaat bespreek die stel volledig en korrek volgens die styl van die aanbieding. |
| 3–4 | Gemiddeld | Die kandidaat het 'n beperkte begrip van die stel volgens die styl van die aanbieding. Al die aspekte word nie bespreek nie. |
| 0–2 | Swak | Die kandidaat het baie min of geen kennis van die stel volgens die styl van die aanbieding nie. Die kandidaat beantwoord nie die vraag nie. |

(6)

9.5 <u>Ooreenkomste in die twee verhoudings</u>: In albei gevalle is die mans onbetroubare minnaars wat die vrou in die een of ander opsig teleurstel. Jakes se motiewe met Tiemie is onsuiwer en selfsugtig, en Giel vlug weg wanneer Ma hom die nodigste het.
Albei mans is besonder selfgesentreerd.
Hulle drink albei hul moeilikheid weg.
Albei mans misbruik die verhouding vir hul eie belang: Giel omdat hy teer op Ma vir geld, blyplek en kos, en Jakes omdat hy Tiemie met opset swanger gemaak het omdat hy 'n "klas" ma vir sy laaitie gesoek het. Nie een van die mans toon veel sielewroeging oor hul onedele motiewe nie.
Al twee die vroue, dogter en ma, het 'n sterk sensuele aard. Hulle maak dieselfde oordeelsfout: hulle albei raak opgesaal met 'n buite-egtelike kind wat al hul verdere kanse op 'n verbetering van hul lewenskwaliteit bederf.

<u>Teenstellings in die twee verhoudings</u>: Ma en Giel aanvaar dat hulle altyd deel sal bly van die Surburbs. In teenstelling daarmee streef Tiemie en Jakes na 'n beter lewe – Tiemie wil ontsnap uit die suburbs en Jakes wil na 'n hoër vlak beweeg met 'n "klas" ma vir sy laaitie.
Ma en Giel is oud en ervare, met die beste deel van hul lewens reeds verby. Tiemie se lewe lê nog voor haar en het nog baie moontlikhede voor haar (as dit nie vir haar ongelukkige penarie was nie).

Aanvaar ander voorbeelde wat gemotiveer is.

Kopiereg voorbehou 

| PUNTE | 9.5 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 6–8 | Uitstekend | Antwoord is gefokus en goed gestruktureer. Kandidaat verduidelik die twee liefdes-verhoudings volledig deur te kyk na ooreen-komste en teenstellings. Die onderskeie karakters binne die verhouding word volledig bespreek. Die antwoord toon insig en kreati-witeit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks. |
| 3–5 | Gemiddeld | Kandidaat toon beperkte insig in sy/haar bespreking van die stelling. Daar kort inligting in die vergelyking van die twee verhoudings asook die onderskeie karakters. Die antwoord kort diepte. Vir 3 punte: die antwoord is simplisties en basies. |
| 0–2 | Swak | Kandidaat verstaan nie die vraag nie. Die verhoudings en karakters word vaagweg bespreek. Die antwoord is onsamehangend. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 10: *MIS* DEUR REZA DE WET

10.1 Haar ma (Miem) het haar ten strengste verbied om na die sirkusliggies te kyk. Haar Ma sal haar 'straf' as sy moet uitvind dat Meisie daarna gekyk het. (2)

10.2 Daar is twee tipes lig in die toneelstuk
**Sagte lig van die olielamp:** (DRIE punte vir enige van die volgende)
Die lig van die olielamp kom voor in Miem se kombuis.
Dit verteenwoordig haar kille rasionaliteit van reëls en dogma.
Die lig skyn in Miem se domein/gebied, maar dis 'n flou lig van die lamp. Dit kan op swak insig dui.
Die stel sal belig word deur 'n gedempte lig en kolligte sal die area van die olielamp belig sodat dit suggereer dat lig daardeur skyn.
**Flikkerende sirkusliggies:** (DRIE punte vir enige van die volgende)
Die gebruik van lig simboliseer ook die sagter, spookagtiger en geheimsinnige, lokkende lig van 'n sensuele droomwêreld.
Dit word uitgebeeld deur die flikkerende sirkusliggies.
Dit lok Meisie na die donker daar buite vanuit die beskermende lig van haar ma.
Hierdie lig is net so bedrieglik soos Miem se beskermingsdrang self, want die lig is nie volgoende nie.
Die sirkusliggies verteenwoordig dus die irrasionele.

| PUNTE | 10.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 5–6 | Uitstekend | Uitstekende bespreking van hoe beligting die tema versterk. Die kandidaat bespreek die verskillende aanwendings van lig op 'n omvattende manier. Hy/sy toon 'n volledige begrip van die beligtingseffekte. |
| 3–4 | Gemiddeld | Die kandidaat bespreek nie al die aspekte van hoe die beligting die tema versterk nie. Hy/Sy fokus net op sommige beligtingsaspekte en sommige aspekte van die tema. |
| 0–2 | Swak | Die kandidaat verstaan nie die vraag nie. Noem die beligting, maar die antwoord is vaag en is nie logies uiteengesit nie. |

(6)

10.3

10.3.1 Meisie het 'n kulkunstenaar en 'n meisie (sy assistent) sien optree. Die meisie moet in 'n kis klim en die man saag dan deur die kis. Daar is bloed aan die saag. Nadat hy sy mantel oor die kis gegooi het en towerwoorde gesê het, is die meisie weer heel. Die man maak dan 'n kou oop en veelkleurige voëls vlieg daaruit. (3)

10.3.2 Miem het haar verbied om oor die sirkus te praat. Miem glo dat alle dinge buite die huis boos en onveilig is. Sy sien die sirkus as 'n teken van boosheid en owerspel, en van dekadensie. In haar opinie moet die sirkus besweer word, want dit is iets waarteen almal beskerm moet word. Miem wil vir Meisie beskerm teen hierdie onheil en vir haar 'n 'veilige vesting' bied. Sy grendel alles dig om die boosheid buite te hou. Die vorige keer toe Meisie ongehoorsaam was aan Miem en na die sirkus gaan kyk het, was Miem so ontsteld dat sy vir 'n week lank siek was – so domineer en manipuleer Miem vir Meisie om weg te bly van die sirkus af. (3)

10.3.3 Meisie beleef hierdie ervaring as vreesaanjaend, maar tog ook fassinerend. Meisie se sirkuservaring weerspieël die tema van **bevryding.**
Sy het die sirkus ervaar as 'n magiese skouspel waarin spel en werklikheid deur 'n knap oëverblindery saamsmelt tot 'n droomwêreld waarin die onmoontlike moontlik word.
Die towenaar se kulkuns kan slegs werk as hy die gevange meisie in die kis op 'n meedoënlose manier benader en daarna weer heel maak. Hierdie gebeure wys dus na die einde van die toneelstuk wanneer Konstabel, as 'n nar, Meisie op 'n wrede manier weglok om van haar 'n vry mens te maak.
Die helderkleurige voëls wat uit die kou wegvlieg nadat die meisie uit die kis bevry is, versterk verder die tema van bevryding.

| PUNTE | 10.3.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 5–6 | Uitstekend | Uitstekende bespreking met gedetailleerde voorbeelde. Kandidaat bespreek Meisie se sirkuservaring deeglik en verduidelik die simboliek daarvan op 'n omvattende manier. Hy/sy toon 'n volledige begrip van die vraag. |
| 3–4 | Gemiddeld | Die kandidaat bespreek nie al die aspekte van die simboliese betekenis van Meisie se sirkuservaring nie. Die kandidaat fokus moontlik op Meisie se gevoelens daaroor en nie die simboliese betekenis daarvan nie. Die antwoord kort inligting. |
| 0–2 | Swak | Die kandidaat verstaan nie die vraag nie. Noem Meisie se sirkuservaring, maar die antwoord is vaag en is nie logies uiteengesit nie. |

(6)

10.4 Hieronder volg 'n uitgebreide bespreking van Miem se karaktereienskappe. Die kandidaat kan enige van die volgende noem:

Miem is vet, middeljarig met 'n vlegsel bo-oor haar kop. Sy is 'n diabeet en het water op die knieë. Sy bly egter lojaal aan haar man, Gabriël wat sy al vir sewe jaar versorg en wat hom tot die solder onttrek het.
Sy skep die indruk van 'n sterk vrou, boos en dominerend. Sy manipuleer vir Meisie op 'n subtiele manier; sy sal weer siek word en sy verwyt haar ook dat sy nooit weer dieselfde was nadat Meisie die vorige keer so “ongehoorsaam” was om uit te glip nie.
Haar gebrek aan selfinsig kos haar haar dogter, want sy vertel van die ander twee meisies wat weg is. Die een se pa was so dominerend en die ander een se ma was vol ipekonders. Intussen is sy aan albei hierdie aanklagte skuldig, maar sy besef nie dat sy daardeur ook haar dogter versmoor nie.
Een van Miem se belangrikste karaktertrekke is haar besondere engheid. Sy is uiters konserwatief (seksueel en geestelik) en glo op 'n naïewe wyse dat 'n moordenaar elke jaar terugkom om 'n meisie te vermoor.
Sy is ook 'n tipiese gasvrye Afrikanervrou en beleefd teenoor haar gaste, Gertie en Konstabel.
As ons kyk na dinge wat sy vir Gertie sê, kan ons aflei dat sy baie reguit is. As Gertie liggaamsoefeninge wil doen om warm te word, sit sy haar gou-gou op haar plek met 'n:
“Ag nee wat, Gertie, daar is 'n tyd en plek vir alles.”
Ten spyte van haar sodanige konserwatiwiteit, beskik sy oor 'n valse moraliteit. Sy gee voor om iets te wees wat sy nie is nie. Sy probeer Meisie aan die Konstabel verkoop deur te vertel hoe breed haar heupe is.
Hierdie Calvinistiese skynheiligheid kom ook na vore in haar uitvraery oor die gedrogte by die sirkus. Sy wil kamma niks van die sirkus weet nie, maar vra tog gretig uit daaroor.
Haar neurotiese vrees vir die “bose onheil” wat hulle gaan tref, staan lynreg teenoor haar sterk persoonlikheid.
Boonop sit Miem – wat dan nou so kuis is – met seksuele frustrasies. Sy erken openlik aan Konstabel, wat tog 'n wildvreemde man is, dat daar “gevoelens” by haar aangewakker word deur die nagtelike teenwoordigheid van 'n man in die huis. Haar man sit immers al hoe lank op die solder en al is sy so konserwatief, bly sy mens.

**Miem se rol binne die drama:**
Miem kom oor as die matriarg van die gesin (in die afwesigheid van die patriarg). Met haar streng konvensies domineer sy vir Meisie – en in 'n mate ook vir Gertie as sy haar berispe omdat sy by die sirkus was.
Sy verteenwoordig die streng Calvinisme en sosiale sisteem van 'n gedeelte van die Afrikanergemeenskap. Sy funksioneer as heksebesweerder teen die bose. Sy is 'n ironiese figuur. 'n Mens sien haar aanvanklik as die beskermer van haar dogter, maar eintlik is sy uiters boos. Sy is figuurlik gesproke blind. Hier kan ons let op haar bysiendheid (kan nie die garing deur die naald se oog kry nie). Haar blindheid lei tot die onderdrukking van Meisie.

| PUNTE | 10.4 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 8–10 | Uitstekend | Antwoord is gefokus, kandidaat ken en verstaan alle kenmerke van sowel Miem se karakter as haar rol in die drama. Antwoord is goed gestruktureer. Alle aspekte is bespreek; kandidaat toon insig en kreatiwiteit, gemotiveer deur voorbeelde uit die teks. |
| 6–7 | Goed | Kandidaat noem die meeste van Miem se karaktereienskappe en haar rol in die drama. Antwoord toon 'n mate van kreatiwiteit en insig. Kandidaat verstaan die vraag en noem voorbeelde uit die teks om te motiveer. |
| 3–5 | Bevredigend | Kandidaat bespreek die basiese eienskappe van Miem en noem haar rol in die drama, maar daar kort inligting in laasgenoemde. Die kandidaat toon 'n gebrek aan visualisering en kreatiwiteit. |
| 0–2 | Swak | Min of geen poging om die vraag te beantwoord nie. Kandidaat verstaan nie die vraag nie. |

(10)
**[30]**

## AFDELING C: TOEPASSING VAN PERSOONLIKE HULPMIDDELS EN BESINNING EN EVALUERING

**AFDELING C IS VERPLIGTEND.**

## VRAAG 11

11.1 Aanvaar kandidate se antwoorde indien dit goed gemotiveer is.
Kandidaat moet sy/haar keuse regverdig deur beide die vereistes van die gedig en die kwaliteit van die individuele en groepstemme in ag te neem. Die woorde in reel 1 en 2 moet aan verskillende stemme toegeken word. Die kandidaat moet kan verduidelik hoe en waarom. (3)

11.2 *Hier volg slegs 'n voorgestelde antwoord. Alle geldige en gemotiveerde antwoorde behoort aanvaar te word.*

Pas en volume kan gebruik word om wisseling in die vertolking te skep.
Reël 1 kan met 'n normale, middelmatige volume en 'n matige pas gesê word. Reël 6 se eerste "wilde wit duiwe" kan stadiger gesê word terwyl die herhaling daarvan vinniger en met meer volume gesê kan word sodat daar direk oorgegaan kan word na die volgende versreël (enjambement). Klem kan op verskillende woorde in beide versreëls geplaas word sodat daar wisseling in die vokale aanbieding geskep word. (4)

11.3 *Hier volg slegs 'n voorgestelde antwoord. Alle geldige en gemotiveerde antwoorde behoort aanvaar te word.*

'n Verdeling van die groep se stemme in twee (mans en vrouens) kan hier toegepas word. Reël 10 en 11 kan deur die mans gesê word met 'n doelgerigte toon in hulle stemme. Oë kan gefokus wees op die Suiderkruis (na bo) in reël 10 en opgevolg word in reël 11 met 'n handgebaar wat hulle almal saam doen om die plasing van die suidpunt van Afrika aan te dui.
Die vrouestemme kan reël 12–14 sê. Reëls 12 en 13 behoort aaneen gesê te word, sonder 'n pouse tussen die twee reëls (enjambement) en kan met 'n liriese toon gesê word.
Die hele groep kan reël 15 saamsing, met 'n moontlike gebaar wat aandui dat dit die landslied is (hand op die bors). 'n Moontlikheid is ook om óf 'n bietjie verder aan die lied te sing, óf die versreël te herhaal/eggo. (Hier kan van beweging gebruik maak deur vorentoe te tree as 'n groep, of apart in die onderskeie stemgroepe vorentoe te tree.) 'n Pouse/Stilte na hierdie versreël is gepas.
Reël 16 kan met 'n stadiger pas deur die vrouestemme gesê word met oë/koppe wat draai in die rigting van die berge terwyl die mans vorentoe bly kyk.
Reël 17 kan deur die mansstemme gesê word met die mans wat nou ook met die oë fokus op die spoor van die kakebeenwa, en die hele groep kan afsluit deur reël 18 saam en stadiger te sê.
*Gee ook krediet vir geldige voorbeelde in fisiese vertolking/beweging.* (6)

11.4 'n Sagter stemtoon, nostalgies, betowerend, met heimwee.
(Aanvaar ander gepaste antwoorde wat met stemtoon verband hou) (2)
**[15]**

## VRAAG 12: AANVAAR OPE ANTWOORDE

12.1 Twee punte word toegeken aan elke kunstenaar/danser.
A – Die kunstenaar staan stil, regop, baie vorstelik: dit skep die indruk dat sy in beheer is. Hoekige vorms en gebare kommunikeer 'n sterk karakter.
B – Die kunstenaar/danseres word opgelig. Sy is baie grasieus met haar hande wat na die hemel toe uitgestrek is soos 'n voël. Sy beeld 'n karakter uit wat kortstondige grasie besit.
C – Die kunstenaar/danser is sterk, gebalanseerd en geanker, want hy hou die vroulike danseres bo. 'n Sterk en betroubare karakter word deur hom gekommunikeer.
D – Die kunstenaar/danseres is uitgestrek op die vloer; haar postuur is gespanne, sy lê in 'n saamgetrekte posisie (kontraksie) met hande wat vorentoe uitstrek. Sy kommunikeer 'n karakter wat moontlik in nood of pyn is.
(Aanvaar ander goed gemotiveerde antwoorde) (8)

12.2 'n Sametrekking (kontraksie) is om die liggaam in 'n gespanne, rigiede, onbuigsame posisie te hou. Ontspanning impliseer dat die spiere, asemhaling, ledemate en liggaamsdele vrygelaat/ontspan word en in staat is om vryelik te beweeg. (4)

12.3 Hierdie vraag laat die kandidaat toe om 'n persoonlike reaksie weer te gee wat aansluit by die bronne en gestaaf word deur voorbeelde wat toepaslik is op sy/haar persoonlike ervaring.

| **PUNTE** | **12.3** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| 5–6 | Goed | Kandidaat skryf duidelik en met begrip oor sy/haar bewegingstuk en is in staat om die verskille en ooreenkomste tussen die bronne en sy/haar eie bewegingstuk uit te lig. Die kandidaat is in staat om korrekte fisiese teater-/bewegingsterminologie te gebruik. |
| 3–4 | Gemiddeld | Kandidaat skryf in die algemeen oor sy/haar bewegingstuk, maar mag meer fokus op óf verskille óf ooreenkomste tussen sy/haar fisiese teater/bewegingstuk en die bronne. |
| 0–2 | Swak | Kandidaat is geneig om 'n algemene stelling te maak oor sy/haar fisiese teater/bewegingsitem. Is nie in staat om by die vraag aan te sluit nie. |

12.4.1 Aanvaar die kandidaat se persoonlike reaksies/antwoorde indien dit goed gemotiveer word.
Dit laat groei en ontwikkeling toe. Bou selfvertroue en selfbeeld. Help om jouself as 'n kunstenaar 'n bietjie verder te druk. Bou karakter. Help om jou vaardighede in die opvoering waaraan jy werk, te verbeter. (4)

12.4.2 Hierdie vraag laat die kandidaat toe om 'n persoonlike reaksie/antwoord te gee wat gestaaf word deur voorbeelde wat op sy/haar ervaring gebaseer is.

| **PUNTE** | **12.4.2** | **BESKRYWER** |
|---|---|---|
| 7–8 | Baie goed | Kandidaat is in staat om gedagtes en idees logies en vloeiend aan te bied. Gebruik voorbeelde uit sy/haar ervaring om punte wat gemaak is te ondersteun. Verstaan die vraag ten volle en bespreek alle aspekte baie goed. Toon kreatiwiteit en insig. |
| 5–6 | Goed | Kandidaat toon duidelike begrip van die vraag en is in staat om 'n sowel goeie verslag van die praktiese stukke wat hy/sy aangebied het te gee, as die probleme wat ervaar is en hoe hy/sy dit oorkom het. Is in staat om gedagtes vloeiend uit te druk en aansluiting by die vraag te vind. |
| 3–4 | Gemiddeld | Oor die algemeen het die kandidaat begrip van die vraag, maar druk homself/haarself nie ten volle uit nie. Skryf beskrywend oor praktiese stukke met min verwysing na probleme wat ervaar is en hoe hy/sy dit oorkom het. |
| 0–2 | Swak | Kandidaat is geneig om vae en veralgemenende stellings oor temaprogram/oudisiestuk te maak. Geen aansluiting by die onderwerp nie. |

(8)
**[30]**

## VRAAG 13 KIES ENIGE EEN VAN DIE VOLGENDE DRIE VRAE.

### 13.1 LEWENDIGE OPVOERING (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.1 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy kan beide vir en teen Paul Newman se stelling argumenteer. Hy/sy gebruik voorbeelde uit hy/sy eie optredes en pas sy/haar ervaring op die aanhaling toe. Kandidaat is in staat om **'n argument saam te stel** deur die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van vertolkende vaardighede wat gebruik is in die temaprogram of oudisiestuk. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat toon duidelike begrip van die vraag en is in staat daartoe om 'n goeie verslag te gee van hoe hy/sy vertolkende vaardighede gebruik het om goed te kon optree. Is in staat om gedagtes duidelik en vloeiend uit te druk en by die vraag aan te sluit. |
| 6–8 | Gemiddeld | Oor die algemeen begryp die kandidaat die vraag, maar druk homself/haarself nie ten volle uit nie. Is in staat om vertolkende vaardighede te beskryf, maar kan nie duidelik toon hoe hy/sy dit met sukses in sy/haar aanbieding gebruik het nie. |
| 4–5 | Elementêr | Kandidaat beskryf sy/haar temaprogram of oudisiestuk op 'n algemene manier. Min of geen bespreking van vertolkende vaardighede nie en 'n vae poging om by die onderwerp aan te sluit. Die antwoord is nie baie duidelik nie. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak eenvoudige en veralgemenende stellings wat aan sy/haar temaprogram/oudisiestuk verwant is. Geen aansluiting by die onderwerp nie. |

**[15]**

**OF**

## 13.2 MEDIASTUDIE (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.2 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Dit is duidelik dat die kandidaat die aanhaling verstaan en hy/sy kan beide vir en teen Hawk se stelling argumenteer. Hy/sy gebruik voorbeelde van flieks wat hy/sy gesien het en video/filmteorie wat bestudeer is. Kandidaat mag dalk filosofie oor die rol van die regisseur en flieks gebruik, alhoewel dit nie essensieel is nie. Kandidaat is in staat om **'n argument saam te stel** deur die aanhaling te bespreek en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde van regisseurs en films wat hy/sy gesien het. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat behoort die funksie van die regisseur en flieks wat deur hom/haar gemaak is, duidelik te kan bespreek. Die antwoord moet voorbeelde insluit van flieks wat hy/sy gesien het en video/filmteorie wat bestudeer is. Die antwoord moet duidelike, spesifieke verwysing na die aanhaling insluit. |
| 6–8 | Gemiddeld | Kandidaat behoort die funksie van die regisseur te kan bespreek met verwysing na filmteorie. Die antwoord moet voorbeelde insluit van flieks wat hy/sy gesien het en video/filmteorie wat bestudeer is. Kandidaat moet die werk van die regisseur tot 'n mate bespreek. Daar mag dalk nie 'n direkte bespreking van die aanhaling wees nie. |
| 4–5 | Elementêr | Die kandidaat verwys na voorbeelde van stories of flieks wat hy/sy gesien of waarvan hy/sy gehoor het en mag verwys na video/filmteorie wat bestudeer is. Is geneig om eerder op eie opinie te fokus as enige bespreking. Kandidaat is dikwels herhalend en gebruik dikwels 'Ek dink…' Dit is onwaarskynlik dat daar 'n direkte bespreking van die aanhaling sal wees. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak eenvoudige stellings wat aansluit by storievertelling en maak vae stellings oor die rol van die regisseur. Dikwels word 'n beskrywing van 'n storie of 'n fliek gegee. Geen bespreking van die aanhaling of van idees nie. |

**[15]**

**OF**

## 13.3 KULTURELE OPVOERING EN RITUEEL (KEUSEVRAAG)

| PUNTE | 13.3 | BESKRYWER |
|---|---|---|
| 12–15 | Uitstekend | Kandidaat verstaan die verband tussen kuturele opvoering en teater. Hy/Sy is in staat om teatervaardighede en -elemente te gebruik om 'n argument te staaf wat teater verbind met die erfenis van rituele en kulturele opvoering. Kandidaat is in staat om te bespreek hoe die elemente uitdrukking vind in kulturele opvoering en rituele en gebruik konkrete, spesifieke voorbeelde om sy/haar idees te ondersteun. |
| 9–11 | Goed | Kandidaat toon duidelik begrip van die vraag en is in staat om te verduidelik hoe elemente en vaardighede wat in teater gevind word ook in kulturele opvoerings en rituele aanwesig is. Hy/Sy is in staat om gedagtes duidelik en vloeiend te verwoord en maak gebruik van spesifieke voorbeelde van kulturele opvoering en rituele. |
| 6–8 | Gemiddeld | Kandidaat het 'n algemene begrip van die vraag, maar druk hom-/haarself nie ten volle uit nie. Hy/Sy is in staat om teatervaardighede en -elemente en/of kulturele opvoering en rituele te beskryf, maar verbind hulle nie met mekaar nie (behalwe as dit per abuis gebeur). |
| 4–5 | Elementêr | Kandidaat beskryf kulturele opvoering en rituele of teaterelemente en -vaardighede op 'n algemene manier. Daar is net 'n vae poging om teater te verbind met kulturele opvoering en rituele. Die antwoord is vaag. |
| 0–3 | Swak | Kandidaat maak eenvoudige en veralgemenende stellings wat aansluiting vind by teater of kulturele opvoering en rituele. Geen duidelike verband tussen sy/haar argument en die onderwerp nie. |

**[15]**